



Verwysing: 20171122-7238

12/2/2/3/38

Navrae: G van Wyk

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0018/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Grondslagfase-koördineerders, Grondslagfase-vakadviseurs, Prinsipale van geïdentifiseerde openbare en onafhanklik skole

**Onderwerp: Implementering van die inkrementele invoering van die Afrikatale (IAL)
-program in 2018**

1. Dié minuut dien as 'n opvolg van Kurrikulumminuut 0012/2017, wat op 12 Julie 2017 uitgereik is, waarin skole wat nie op hierdie stadium Xhosa as tweede addisionele taal in die Grondslagfase (GF) aanbied nie, en skole wat tans iXhosa as 'n buitemuurse vak aanbied, uitgenooi is om vanaf 2018 die IAL-program vrywillig in graad 1 te implementeer deur hulle teenswoordige Engels-/Afrikaansonderwysers te gebruik, gesteun deur gedetailleerde en duidelike digitale leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM).
2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het met genoeg waargeneem dat ongeveer 236 skole op die bogenoemde uitnodiging reageer het, die IAL Imbizos vergaderings bygewoon het en verbintenis tot hierdie program vanaf die tweede kwartaal in 2018 aangedui het. Die lys van skole is as **(Bylae A)** aangeheg.
3. Die WKOD is tans in 'n proses om digitale LOOM aan te koop om die graad 1-onderwysers te ondersteun as 'n bykomende hulpbron tot die Departement van Basiese Onderwys-hulpmiddels wat verskaf sal word.
4. Ten einde graad 1-onderwysers vir implementering in die tweede kwartaal van 2018 voor te berei, sal die WKOD werksessies voorsien voor die tweede kwartaal begin. Alle graad 1-onderwysers en GF-departementshoofde moet die volle werksessie bywoon wat twee volle dae en 'n groepsessie van twee ure sal behels.

5. Die volgende datums is vir die opleiding van onderwysers uiteengesit:

Distrik	Opleiding oor twee volle dae	Groepsessie van twee ure
Metro-Noord	17 en 24 Maart 2018	23 Maart 2018
Metro-Sentraal	17 en 24 Maart 2018	27 Maart 2018
Metro-Suid	17 en 24 Maart 2018	20 Maart 2018
Metro-Oos	17 en 24 Maart 2018	19 en 20 Maart 2018
Weskus	17 en 24 Maart 2018	28 Maart 2018
Kaapse Wynland	17 en 24 Maart 2018	26 Maart 2018
Overberg	17 en 24 Maart 2018	27 Maart 2018
Eden en Sentrale Karoo	04 en 05 April 2018	06 April 2018

6. Die distrikskantore sal die skole wat in **(Bylae A)** gelys is teen einde Februarie 2018 van die spesifieke lokaal en programbesonderhede in kennis stel.
7. Prinsipale word vriendelik versoek om die antwoordstrokie **(Bylae B)** te voltooi en die besonderhede van die afgevaardigdes aan te dui. Die inligting moet voltooi en teen 26 Januarie 2018 aan die tersaaklik distrik se GF-koördineerder gestuur word.
8. Kontak asseblief die tersaaklik distrik se GF-koördineerder indien u enige navrae het. Die besonderhede van hierdie amptenare is in die onderstaande tabel.

Distrik	Koördineerder	Kontaknommers	E-pos
Metro-Noord	Jennifer Daniels	021 938 3044/ 084 388 5920	Jennifer.Daniels@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Juanita van der Merwe	021 514 6939/ 079 944 7536	Juanita.VanderMerwe@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Lorraine Bailey	021 370 2041/ 072 405 7825	Lorraine.Bailey@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Marie Engelbrecht	021 900 7160/ 081 271 1153	Marie.Engelbrecht@westerncape.gov.za
Weskus	Ursula Esau	021 860 1569/ 083 707 2353	Ursula.Esau@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Diana Niemand	023 348 4614/ 083 234 3202	Diana.Niemand@westerncape.gov.za
Overberg	Lynn Le Grange	028 214 7378/ 082 562 7222	Lynn.LeGrange@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Nelmariél Kriel	044 803 8336/ 082 374 2961	Cornelie.Kriel@westerncape.gov.za

9. Prinsipale word versoek om toe te sien dat hierdie minuut onder die aandag van die graad 1-onderwysers by hulle skool en hul skool se bestuurspan gebring word.
10. U ondersteuning vir hierdie belangrike transformasieprogram word waardeer.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-12-06